# NG Parow-Panorama – Kleingroepe – 14 Junie 2020

## “Back to Basics”

## 1. Mens tot God

- Steek ‘n kers aan
- Kort gebed
- Omgeegroep Belydenis:

Ons glo in God die Vader, Jesus die Seun en die Heilige Gees.
Ons glo die Vader het beskik dat ons vandag saam in hierdie groep is.
Ons glo Jesus wil dat ons mekaar oordeelloos aanvaar, mekaar liefhê en mekaar versorg.
Die Heilige Gees leer ons om met onverdeelde aandag te luister na mekaar en na God se Woord.
Ons is dissipels van Jesus en wil by Hom leer hoe om te lewe.
Jesus roep ons om ‘n seën te wees vir mekaar, die gemeente en die stad waar ons woon.
Deur mekaar lief te hê bereik God Sy doel met ons lewe.
Jesus se koninkryk is die enigste Hoop vir die wêreld. Amen



## 2. Mens tot Mens

- Wat is die LIEF en die LEED in jou lewe?
- Of: Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur?



## 3. Wandel in die Woord



**Teks: Handelinge 12:**

Kyk gerus ook na Markus 10:35-45 (Jakobus en Johannes vra om Jesus se nommer een en nommer twee dissipel te wees wanneer Hy Koning word.)

**Besprekingsvrae**

1. Wat is die kern gedagte in die teks wat tot jou hart spreek en hoekom? Deel dit met mekaar.

2. Beide Jakobus en Petrus was deel van Jesus se binnekring gewees (Petrus, Johannes en sy broer Jakobus). Twee uiteenlopende dinge gebeur met hierdie twee dissipels in die teks. Petrus word vrygelaat en Jakobus word met die swaard dood gemaak. Jesus handel so uiteenlopend met hierdie twee vriende van hom. Het Jakobus eerste gesterf omdat hy meer sonde gehad het as Petrus, of omdat hy minder geloof gehad het as Petrus. Miskien het Jesus nie so baie vir Jakobus omgegee soos vir Petrus nie. Ons weet nie een van hierdie redes is waar nie. Jesus was net so lief vir Jakobus soos vir Petrus, maar die pad wat Jakobus moes loop was baie anders as die pad van Petrus. Soms gebeur daar dinge met ons as gelowiges en ons wonder of God van ons vergeet het (miskien sou Jakobus ook hierdie vraag kon vra). Wat leer ons uit hierdie gedeelte tov die omstandighede waarmee ons soms sukkel of in verkeer.

3. Ons sien 'n wonderlike ding gebeur sodra die gemeente vir Petrus bid. Weens die gebede van hierdie gelowiges kry 'n engel die opdrag om vir Petrus uit die tronk te bevry. Wat leer ons uit hierdie gedeelte tov gebed?

4. Sonder om self 'n vinger te roer, val die kettings van Petrus se hande af, die deur van die tronk gaan oop, hy loop verby die wagte en dan gaan die groot ysterhek ook nog vir hom oop. Merkwaardig om te sien hoe die Here hom vanuit sy elende bevry sonder sy eie handewerk. Wanneer die engel hom verlaat kom hy agter dat hierdie die handewerk van God was. Hy hardloop na die plek waar gelowiges saam bid en dan deel hy wat met hom gebeur het.

   a. Wat is daar in jou lewe waaroor jy kan getuig tov wat die Here iewers in die verlede vir jou gedoen het?
   b. Is daar iets wat julle met mekaar kan deel tov 'n ervaring waar die Here 'n gebed van jou verhoor het?
   c. Wat leer hierdie gedeelte vir jou oor die belangrikheid om vir ander te bid wat in moeilikheid verkeer?
   d. Is daar iemand wat jy van weet wat tans in moeilikheid verkeer en gebed nodig het? Miskien kan dit selfs iemand wees was nog nie gered is nie. Deel dit met die groep en sluit af deur hiervoor te bid.

## 4. Gebed

Gee vir elkeen geleentheid om 'n een sin gebed te doen